# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 2 11 Oktober 2020

## Matteus 28:16-20

Die laaste woorde van iemand wat sterf of ons verlaat, is baie belangrik. Jesus se laaste woorde aand ie dissipels was 'n opdrag om Sy boodskap van verlossing en hoop aan alle mense te verkondig. Waar Jesus vantevore Sy dissipels gestuur het om net onder die Jode te werk, het Hy hulle nou na al die nasies van die wêreld toe gestuur. Hy het aan hulle besondere gesag en mag gegee om namens Hom op te tree. Hulle moes ander mense ook dissipels maak; hulle moes die nuwe dissipels doop en leer om aan Jesus gehoorsaam te wees, en Hy sou altyd by hulle wees. Ons moet ook dissipels van ander mense maak, of dit nou ons bure of mens in vreemde lande is. Ons het geen keuse in die saak nie, maar ons het almal gawes ontvang wat ons kan gebruik om die Groot Opdrag uit te voer. In ons uitvoering van hierdie taak kan ons weet dat Jesus altyd by ons is. 'n Berg in die Bybel is 'n plek van beslissende ontmoetings met die Here. Die berg Galilea was die berg waar Jesus sy aardse werksaamhede begin het. Nou lewer Hy ook daar sy afskeidsboodskap aan die dissipels. 'n Persoon se laaste woorde is baie keer van sy belangrikste woorde. So is dit ook met Jesus. Hy stuur sy dissipels en elkeen van ons as sy kinders uit met sy groot opdrag. Matteus 28:16-20 word juis beskou as samevatting en die hoogtepunt van die hele Matteus evangelie. In 'n sekere sin het Jesus se onderrig hier tot einde gekom. Nou moet die dissipels en ek en jy met sy taak voortgaan. En ons taak is om as dissipels ander mense dissipels van die Here te maak. Hy stuur ons uit met die woord "gaan"... Vir verlore sondaars sê Jesus: "kom". In Matteus 11 nooi Hy almal wat uitgeput en oorlaai is na Hom toe. Vir ons as verloste sondaars stuur Hy uit: "gaan". Vanuit jou binnekamer en die erediens: "gaan". Gaan waarheen? Gaan na al die nasies toe. Die wêreld daarbuite is nou ons sendingveld. Gaan oral na almal toe. Gaan praat die goeie nuus van die evangelie. En gaan leef die goeie nuus van die evangelie. Moenie moedeloos word as 'n klomp ouens nie reageer nie. Dit is nie ons taak om te oortuig nie. Ons moet gaan getuig. Die Here sal oortuig. Om wat te GAAN doen? Gaan maak dissipels van Jesus. Jesus laat in Sy groot opdrag die klem hierop val. Ons kan onderskei tussen 3 groepe mense in die kerk: hier is bewonderaars, leerlinge en dissipels. Bewonderaars is mense wat Jesus se lewe en leringe respekteer, graag daarna luister en daaruit aanhaal. Hulle ag Hom hoog. Jesus is hulle hul held wat hulle nie regtig ontmoet het nie. Hulle volg die Here met hulle oë en ore. Leerlinge bestudeer Sy leringe, ken dit van binne na buite, kan daaroor praat en selfs ander daarin onderrig. Hy is hulle leermeester. Hulle volg die Here met hulle verstand. Dissipels is mense wie se hele lewe aangeraak en verander is deur Jesus en die Heilige Gees. Hulle leer nie net die feite van hul leermeester nie. Hulle volg sy voorbeeld. Hulle streef om al meer soos Hy te dink, soos Hy om te gaan met mense en soos Hy te word. Hulle sien, hoor en weet nie net nie. Hulle het 'n Jesus-gesindheid, praat Jesus-woorde en doen Jesus-dade. Hulle leef, soos Jesus, nie langer vir hulself nie, maar vir God en ander. Ware dissipelskap is nooit afgehandel nie. 'n Leerlingbestuurder het 'n L vir leerling op sy of haar motor. So het 'n dissipel ook 'n L op sy lewe wat nooit op aarde afgehaal word nie. Dissipelskap is 'n lewenslange vormingsproses om al meer soos Jesus te wees en om ander te lei om meer soos Jesus te wees. Dissipels maak nuwe dissipels en hulle word gedoop. Die doop is 'n identifikasiemerk. 'n Dier kry 'n brandmerk wat aandui aan wie en aan watter kudde dit behoort. So is die doop God se merkteken dat ons aan Hom behoort en dat Hy ons deel maak van sy kerk. Ons moet dissipels Doop in die Naam van die: Vader. Hy wil vir hulle 'n hemelse Pa wees wat hulle liefhet en vir hulle sorg. Hy is altyd en oral met ons. Doop in die naam van die Seun. Jesus Christus het vir ons sondes gesterf en Hy het opgestaan. Hy wil ons Verlosser wees. Soos water skoonwas so dui die water by die doop op Hom wat ons skoon was van sonde. Doop in die naam van die Heilige Gees. Soos water groei bring, so werk die Heilige Gees groei in ons. Die Gees maak ons al meer soos Jesus. Na die doop is ons nog nie klaar nie Ons moet ook dissipels leer en lei in alles wat Jesus vir ons geleer het. Leer hulle die groot gebod van liefde. Weereens is dit nie net 'n verstandelike leerproses om die gebooie te ken nie. Ons moet mense lei om in 'n persoonlike verhouding tot Jesus self te kom. Ons kan die gebod van liefde nie net ken nie, ons moet dit leef en daarin vir ander 'n voorbeeld stel. As kerk sukkel ons baiekeer met Jesus se groot opdrag. Ons het, soos mense in die Bybel, steeds baie verskonings. Ons sukkel waarskynlik omdat ons die 2 verse mislees wat Here se opdrag omvou: Hy gee vir ons 'n bevestiging in vers 18 en 'n belofte in vers 20; vers 18 "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde" en vers 20 "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." Jesus fokus nie op dissipels se gebrokenheid, swakheid en twyfel nie. Hy fokus op Homself. Daar is niemand magtiger as Jesus nie. God het aan Hom al die mag gegee wat daar is. Hy het die laaste en eintlike mag, die dood oorwin. Hy is in beheer en het alle mag om in beheer te bly. Alles en almal, ek en jy, die gemeente, owerhede en magte is aan Hom onderworpe. Die fout wat ons maak is om te veel op onsself te fokus: op ons swak wees en ook maar soms twyfel. Jesus jaag nie die wat twyfel weg nie. Hy kom leer vir ons: Moenie fokus op jouself nie, fokus op My! Moenie optree in jou eie krag nie, tree op met My gesag terwyl jy weet jy is nie alleen nie. Hoor as Hy belowe: "Ek is by julle al die dae tot die wederkoms." Ons mag nie mense wees wat net Bybel lees, erediens toe kom en 'n klomp kerkgoed by die kerkgebou doen nie. Nee van hier af uit volg ware dissipels vir Jesus in leer, woord en lewe. Ware dissipels maak 'n Jesus verskil as ons uitgaan in die wêreld in. Ware dissipels maak mense dissipels van Jesus.

Gaan, maak dissipels, doop en leer hulle! Dit is God se opdrag aan elkeen van ons.

## Liturgie

### Verwelkoming

Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

### Votum & Seëngroet

'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.

- Jesaja 54:10 -

### Loflied

- Kom prys Hom (LB 224) -

### Skriflesing en Oordenking

- Matteus 28:16-20 -

### Wil van die Here (Wet)

- Miga 6:8 -

### Skuldbelydenis

-

### Vryspraak (Genadeverkondiging)

- Jesaja 41:10 -

### Geloofsbelydenis

- Op berge en in dale (LB 509) -

### Seën en Amen

Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.

- Amen (LB 312) -

# Delf dieper

## Ons Roeping




https://youtu.be/obBzdu1rv10

## 1) Na mekaar:

1. Wat is dit wat jy eendag wil doen?
2. Dink jy hierdie verskil van ons Goddelike Roeping?

## 2) Na God:

1. Lees Matteus 28:16-20 (Om jou te help lees die oordenking op die vorige bladsy).
    a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
    b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. Volgens Matteus wat is ons Goddelike Roeping?
3. Hoe pas die roeping in by dit wat jy graag eendag wil doen?

## 3) Na mense:

1. Hoe gaan jy hierdie week jou Roeping uitleef?

# ONS ROEPING

## Matteus 28:16-20

In hierdie gedeelte in die Bybel gee Jesus 'n spesifieke opdrag aan Sy dissipels. Wonder jy wat die opdrag is? Lees dan die gedeelte saam met mamma of pappa om uit te vind wat dit is. As jy miskien sukkel om die opdrag raak te sien, gaan lees weer vers 19 en 20.

Wat is hierdie opdrag? Skryf dit op die lyntjies hieronder neer:

____________________________________________________________

____________________________________________________________


____________________________________________________________

Hierdie opdrag wat Jesus aan die dissipels gegee het, noem ons 'n roeping. Dieselfde roeping wat die dissipels ontvang het, is ook ons roeping as Christene. Om dit kortliks te sê, is ons roeping om dissipels te maak, hulle te doop en hulle te leer om God se gebooie te onderhou.

Maar wat is 'n dissipel nou eintlik?

'n Dissipel is iemand wat vir Jesus leef. Wie hulle is en alles wat hulle doen is vir Jesus. Dit is iemand wat doen wat Jesus sê. Op hierdie manier kan ons ook ander mense dissipels van Jesus maak. Wanneer ander mense sien hoe ons leef en wat ons doen en dat dit alles vir Jesus is, sal hulle Hom ook beter kan leer ken. Wanneer hulle Jesus beter leer ken, kan hulle ook dissipels wees.

Hoe dink jy kan ons vir ander mense wys dat ons dissipels van Jesus is?



Om te doen wat Jesus sê, is natuurlik om Sy gebooie te onderhou. Volgende week gaan ons meer daaroor leer wanneer ons kyk na "ons gebod".

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 11 Oktober** | |
| Ockie Deetlefs | 082 399 8952 |
| Mareli du Toit | 082 820 0343 |
| Hendrik Kamffer | 076 411 8256 |
| Marlize Olivier | 012 804 3512 |
| Rita Pieters | 072 188 0737 |
| | |
| **Maandag 12 Oktober** | |
| Mof Campher | 082 928 9474 |
| Marian van den Berg | 079 966 1885 |
| Wynand van Schalkwyk | |
| Margo Visser | 076 185 7055 |
| | |
| **Dinsdag 13 Oktober** | |
| Etta Marais | 012 807 3613 |
| Attie Smit | 012 804 8789 |
| Lenanda Vos | 012 332 0862 |
| | |
| **Woensdag 14 Oktober** | |
| Sue Roux | 012 804 0389 |
| | |
| **Donderdag 15 Oktober** | |
| Wilma du Plessis | 082 856 8181 |
| Barbie Mc Evoy | 012 804 3223 |
| Sakkie Pelser | 012 804 0852 |
| Frans van der Merwe | 012 804 3717 |
| | |
| **Vrydag 16 Oktober** | |
| Mariska Auret | |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Maxie Laubscher
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina

**GESONDHEID**
Tienie Wessels - Nic Visser - George Coetzer

**AFSTERWE**
Dr. Andries Smit - Oom Gawie Veldsman

**SWANGERSKAPPE**
Beyers en Liezel Slabbert
Mariska en Ruan Auret

**GEBOORTES**
Talita en Francois Mőller - Zuan (29/08/2020)
Estelle Jansen van Nieuwenhuizen - Nathan

**ONS BID OOK VIR DIE**
ekonomie
Matrieks wat met hul Rekord eksamen begin







**Webtuiste:**
**silvertonkruins.co.za**

**Facebook:**
**@Silvertonkruin**

**Instagram:**
**@Kruinjeug_ng**

**Youtube:**
**www.youtube.com/c/Silvertonkruin**

**Kerkkantoor:**

**Telefoon: 012 804 3577**
**Faks: 086 545 7151**
**e-posadres:**

**admin@silvertonkruins.co.za**

**Kerkkantoor ure:**
**Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00**